GLENWOOD MUURBALKLUB
GLENWOOD SQUASH CLUB

E-Mail/Epos: info@glenwoodsquash.co.za ; Webtuiste/Site:www.glenwoodsquash.co.za
Tel: Klub/Club - 012 3483573 ; Admin - 0860 43 43 57; Faks/Fax - 086 648 6168
Patulagebou/Building, Glenwoodlaan/Ave, Lynnwood Glen, Pretoria
Posbus/PO Box 11697, Hatfield, 0028

GLENWOOD MUURBALKLUB

KLUBREËLS

1) SPEELTYE

Die bane is daagliks oop vanaf 6:00 tot 22:00

2) SPELERS

Die bane is beskikbaar vir lede sowel as nie-lede.

3) BESPREKINGS

a) Senior lede is geregtig om enige tyd te bespreek. Nie-lede mag slegs bespreek vanaf 6:00 tot 17:00 waarna spitstyd begin welke tyd gereserveer is vir besprekings deur lede. Naweke en vakansiedae is daar geen beperking op besprekings nie, onderhewig aan lede se besprekings.

b) Niemand is geregtig om meer as 30 minute per dag te bespreek nie. ‘n Lid en ‘n nie-lid mag net 30 minute speel. Indien die 30 minute verstryk het en die baan nie bespreek is nie, of die persoon nie opdaag vir sy bespreking nie, kan die lid of nie-lid ‘n verdere 30 minute speel.

c) Indien ‘n speler nie binne 5 min opdaag vir sy bespreking nie, verbeur hy die bespreking en is ‘n ander speler geregtig om die baan te gebruik, hetsy dit ‘n lid of nie-lid is. ‘n Lid het egter ALTYD voorkeur.

d) Bane moet op die halfuur ontruim word indien daar ‘n ander speler vir die baan wag, ongeag of daar nog ligtetyd oor is op die meter.

e) Indien ‘n lid se bespreekte tyd verstryk het, en daar nie ‘n verdere bespreking daarna is nie, sal die lid voorrang geniet bo ‘n nie-lid om die baan vir ‘n verdere halfuur te beset.

f) Lede geniet te alle tye voorrang bo nie-lede ten opsigte van die gebruik van onbespreekte bane.

g) Indien nie-lede op ‘n baan speel gedurende onbespreekte tye, mag hulle die baan gebruik tot op die volgende halfuur of uur, ongeag of die ligtetyd verstryk het. Indien geen lid wil speel nie mag die nie-lid speel totdat sy ligtetyd verstryk het.

4) KLEREDRAG

a) ***GEEN*** swart- of donkerskool skoene word op die bane toegelaat nie;

b) ***GEEN*** kaalvoet persone word op die bane toegelaat nie;

c) Spelers moet te alle tye volledig geklee wees en ***GEEN*** kaal bolywe word toegelaat nie.

5) ALGEMEEN

a) Indien ouers van kinders vergesel word, moet die kinders stil gehou word en nie ‘n oorlas wees vir die ander spelers nie. Daar moet veral daarop gelet word dat die

kinders nie die glasdeure van die bane oopmaak terwyl spel aan die gang is nie. Geen kinders word op die bane toegelaat nie, tensy hulle muurbal speel.

b) Alle persone wat hulle op die Klub se perseel bevind, doen dit op hulle eie risiko en die Klub sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies of skade van welke aard ookal nie, hetsy dit voortspruit uit die nalatige optrede van die Bestuur van die Klub of van sy werknemers of lede of die eienaar van die gebou of werknemers.

c) Alle persone wat hulle op die Klub se perseel bevind, onderwerp hulle aan die reëls soos omskryf in die bywette van Northerns Muurbalvereniging asook die Klubreëls.

d) Indien enige persoon nie opdaag vir sy bespreking nie, sal die bestuur geregtig wees om ‘n boete te hef gelykstaande aan die ligtefooi vir die bespreekte tyd en sal so ‘n persoon nie geregtig wees om van die Klub se fasiliteite gebruik te maak totdat die boete betaal is nie.

e) Indien enige lid se lidmaatskapgelde nie betaal is nie en daar nie ‘n reëling met die Bestuur getref is vir die afbetaling nie, sal Bestuur geregtig wees om sodanige lid te verbied om verder van die Klubfasiliteite gebruik te maak totdat die lidmaatskapgelde betaal is.

6) **KLUBETIEK.** Klubetiek geld ten alle tye. Dit sluit (en is nie noodwendig omvattend nie) die volgende in:

a) Dameskleedkamers is vir dames. Geen man sal toegelaat word om die dames se kleedkamers hoegenaamd te gebruik nie.

b) Misbruik van alkohol sal nie geduld word nie.

c) Persoonlike higiëne word verwag.

REG VAN TOEGANG VOORBEHOU